# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -37/2023 – Oktober2023*

**My verskoning dat daar vir lank geen Bulletin verskyn het nie.Daar is regtig baie werklike verskonings van toepassing maar my "luiheid" was ook nie totaal uitgesluit nie.**

## SLEUTELS SORGSENTRUM

Daar moet vir elke eenheid se voordeur (en sekuriteitshek waar van toepassing) 'n sleutel by die sorgsentrum gehou word in geval van nood.

Indien daar geen sleutel is wat in 'n noodgeval pas nie, sal ingebreek moet word en herstelkoste sal vir u wees**.**

**Baie belangrik:** Daar is baie gevalle waar daar 'n sleutel is, maar die slot is intussen verander of 'n sekuriteitshek is opgesit.

Kry u sleutel wat tans by die sorgsentrum is, u sal moet teken, toets en maak seker dat korrekte sleutel in veilige bewaring is by die sorgsentrum.

## MEDIESE VORMS AGTER DEUR

Elke inwoner moet tog net weer seker maak dat u mediese inligting agter u kamerdeur in 'n koevert of plastiese houer aangebring is. In noodgevalle as u self nie kan praat nie is dit van kardinale belang. Mediese skema, Dr se naam ens. Vorms by suster Andrea in die kliniek beskikbaar.

## ELEKTRIESE HEININGS

Ons elektriese heinings is altyd "gelaai". Dit word DAAGLIKS op verskeie plekke getoets. Wees versigtig en moet liewer nie self toets nie.

## KOMBUIS

Ons wil dit ook net weer onder u aandag bring dat ons etes op terrein gekook en voorberei word. Geen klaar maaltye word buite ons oord gemaak en ingevoer nie.

As u vandag 'n probleem met u kos het moet u tog maar vandag die probleem aanmeld en dan kan dit onmiddellik, sover moontlik, opgelos word.

As u probleem meer algemeen van aard is of geen onmiddellike aandag benodig nie, sit dit op skrif en handig in by kantoor of by die direkteur vir die kombuis Dienie Roets (eenheid 23).

Op 'n gereelde basis word in die eetsaal 'n meningspeiling oor die dag se kos gehou. Moenie net die vrolike, middelmatige of kwaai gesiggie merk nie, gee ook redes vir u keuse. Dit sal die kombuis in staat stel wat dit is, wat pla.

## REGISTRASIE VIR VERKIESING

Die DA politieke party sal by ons oord wees op Donderdag die 12de Oktober om 09:30 om te help met u registrasie as kieser vir volgende jaar se verkiesing.

## BENUTTING VAN STOEPE

Persone of groepe wat van ons nuwe ruimtes op ons toegeboude stoepe gebruik wil maak, kan hul name en detail by ontvangs ingee. Ons sal dan reël om die saak te bespreek en te ondersoek. Indien goedgekeur kan ons dan begroot vir volgende jaar.

## ROLBAL EN/OF GHOLF

Daar is blykbaar van ons inwoners wat gereeld rolbal (nie die Franse soort nie) speel by klubs buite ons oord. Dieselfde geld waarskynlik ten opsigte van Golf. Ons wil vra om u aan te meld by George Eybers (eenheid 97) vir 'n moontlike Bougainvilla span.

## BOORGAT

Daar sal hierdie week begin word met die boor vir water. 'n Gekwalifiseerde hidroloog het aangedui waar geboor moet word. Dis ongeveer in die middel van Roland park by die brug.

## SPOEDBEPERKING EN STOPSTRATE

In ons oord is geen voetpaadjies nie. Voetgangers, rolstoele ens. het altyd voorkeur. Hou tog asseblief by die spoedbeperking van 20Km per uur en STOP by stopstrate. Ons is tog afgetree en haastigheid is onnodig!!! Maak seker u besoekers is ook bewus hiervan.

## ONS MARKTE

Geluk aan Susan van Zyl en haar span met die sukses van ons markte. Sy is genooi om ook haar mark (bougainvilla se mark) aan te bied by die Waterkloof Marina Aftree-oord. Voorwaar 'n pluimpie in haar hoed.

## SEKURITEIT

Daar is oor die naweek 'n insident aangemeld. Dit word tans professioneel ondersoek. U sal meer detail kry sodra die ondersoek afgehandel is.

***Ondersteun, Ons koffiewinkel, ons dinsdag mark, ons haarsalon, ons rolbal, ons mandjiedanse, ons eetsaal, ons braaigeriewe, ons maandmarkte, ons uitstallers, ons sorgsentrum, ons skoonheidssalon, ons kaas en wyn funksies, ons sop en sjerrie aande, ons gaskunstenaarsaande, ons kerkdienste, ons biblioteek, ons bybelstudies, ons kaartspeletjies, ons bingo, ons feeste, ons rummikub, ons tuindienste, ons skoonmaakdienste, ons tuisversorging, ons medisyne toediening, ons kliniek, ons kiosk, ons lyndans, ons trimgim, ons Dr, ons oordsuster, ons wassery, ons straatbraaie, ons facebook, ons informant <u>ONS BOUGAINVILLA AFTREE-OORD!!!</u>***